GROENKLOOF REEBOK Vanaf Julie 2015

Vandat ek Johanna ken het sy 'n probleem gehad met hardlywigheid. (Jammer, sensitiewe lesers !) Sy het dit toegeskryf aan die feit dat toe sy klein was en hulle slegs 'n buite putlatrine op die plaas gehad het en nie geredelik ag geslaan op intestinale reflekse tydens donkerte en koue nie ! Toe sy verpleeg het, was daar net nie altyd genoeg tyd tussen haar skofte nie, het sy gesê ! Die gevolg was dat sy met die jare 'n disfunksionele kolon (my terminologie !) ontwikkel het. Dit het tot gevolg gehad dat haar kolon as't ware 'n reservoir geword het. Slegs met middels kon sy van tyd tot tyd dié siek derm aan die gang kry. Ek het tydens my assistensies vir Jan Maritz, 'n klasmaat en kollega, by meer as een geleentheid tydens ’n totale kolektomie, aan hom genoem dat ek dink dit is waarmee Johanna gaan op eindig. Hy het haar ook in dié verband ondersoek, wat ook 'n kolonoskopie ingesluit het. Omdat dit 'n prosedure met 'n redelik stormagtige post-operatiewe verloop is, was hy aanvanklik skugter om dié prosedure op Johanna te doen. Hierdie toestand het egter later inbreuk gemaak op Johanna en ons sosiale omstandighede. Toe ek uit desperaatheid vir hom 'n foto wys, wat ek van haar geneem het waar sy omtrent voltyds swanger lyk, het hy besef dat ons 'n plan moes maak ! Daar was nie meer 'n omdraai nie.

As gevolg van hierdie toestand het ons geleidelik besef dat sy nie meer die kapasiteit het om ons gastehuis te bedryf nie en ons het besluit om ons laaste vakansie gaste in Desember 2013 en Januarie 2014 te akkommodeer. Aan die einde van Oktober 2014 het Johanna 'n totale kolektomie operasie gehad, met die verwagte redelik stormagtige post operatiewe verloop, aanvanklik in die ICU. Sy het 'n tydelike ileostomie gehad, wat gelukkig vroeg in Januarie 2015 weer gesluit kon word.

Tydens hierdie tyd het ons, met aandrang van ons kinders, besluit dat ons onder dié omstandighede, nie meer die groot huis wat ons gehad het, instant kon hou nie. Ons moes alternatiewe oorweeg !

Tydens Carlien se besoek aan Johanna na haar operasie bespreek ons dié saak. Ek vertel haar van die Groenkloof ontwikkelaars van aftreeoorde in ons omgewing en dat ek verneem het dat Jan Pienaar die besturende direkteur is. Om 'n lang storie kort te maak, bel sy hom en hy wys hy vir ons presies dié wooneenheid in Groenkloof Reebok wat ek nogal graag sou wou gehad het. Dit het 'n noordelike front, klein kantoortjie en 'n binnebraai gerief, lekker oopplan kombuis en leef area en ’n hoofslaapkamer wat aan die ander kant van die twee gastekamers is. Die hoofslaapkamer en die gastekamers het elk hulle eie badkamers ! Ons ontdek die ideale woning.

Ons skoonseun, Corné, was ons baie ter wille en met ons kinders se hulp kon ons die huis toe neem vóór ons huis in Outeniquastrand verkoop is, waarvoor ons hulle baie dankbaar is !. Dié huis het op daardie stadium nog geen binneafwerking gehad nie en dit sou nog 'n paar maande neem voor ons daar kon intrek ! Gelukkig het dit ons 'n geleentheid gegee om die huis af te rond soos óns en hulle dit wou gehad het.

In dié tyd het Johanna gelukkig gou en volledig herstel na haar operasie, wat 'n groot sukses was en haar lewe totaal ten goede verander het. Ek was weer betrokke by 'n bouery, wat ek baie geniet het en dinge kon laat doen soos ons dit graag wou gehad het.

Alhoewel dit gouer was as wat ons verwag het, is ons bly dat ons die skuif gemaak het en het net dit wat ons nodig gehad het, saamgebring het na ons nuwe tuiste !

Ons dogters en seun het in die April skoolvakansie in 2015 gekom en ietwat oorgeneem ! Daar was net drie kategorieë: Wat kan julle saamneem ? Wat kan of wil húlle gebruik ? En die res gaan iewers anders heen ! 'n Mens noem dit minimalisering !

Ons kon aan ons kinders en veral Johann uitdeel wat ons nie meer nodig gehad het nie ! Ons kon minimaliseer tot net dit wat ons nodig gehad het om gerieflik te leef en baie ander onnodige dinge, waaroor ons verantwoordelik moes wees, van afstand kon doen. Ons lewe het baie minder gekompliseerd en bekostigbaar geword !

Alles is relatief. Elkeen het 'n keuse watter lewenstyl hulle wil volg. Ons was in die gelukkige posisie dat ons die voorreg gehad het om hier in die Suid Kaap 'n relatiewe eenvoudige en rustige lewe te kon kom beleef. Meeste dinge wat baie van ons kennisse steeds najaag, het ons gelukkig reeds ervaar ! Ons kan nie dink aan 'n beter plek om op dié stadium van ons lewe te kan wees nie ! Ons grootste wens is vandag om dié voorreg saam met ons vriende, ook dié wat ons vir baie jare nie gesien het nie, dit te kan deel.

Aan die begin van Julie 2015 het ons by Groenkloof Reebok ingetrek.

Johanna het vooraf begin om haar tuintjie om die huis te maak. Sy het aanvanklik gesê sy gaan dit klein hou ! Johann het gesê dat hy dink dit nie moontlik sal wees nie ! Geleidelik het die tuintjie om die huis ’n groter tuin geword, maar darem dat sy dit kan beheer en geniet !

Ons huis op Outeniquastrand kon intussen verhuur word aan baie oulike huurders van Coligny, wat hier wou kom aftree en opsoek was vir 'n huis wat hulle sou pas. Hulle het ons huis mooi instant gehou. Ongelukkig kan ons nie dieselfde sê van 'n tweede gesin wat die huis gehuur het tot vóór dit in Oktober 2017 eers verkoop is nie !

Einde van Julie 2015, 'n maand na ons in Groenkloof Reebok ingetrek het, het ek my tweede heupvervanging ondergaan. Die eerste, wat in in 2012 was, was 'n groot sukses. Met die tweede het ek pyn gehad met fleksie van die heup maar dit kon gelukkig later met 'n gedeeltelike Ilio-psoas loslating opgelos word.

Waarskynlik as gevolg van Johanna se operasie en onvermydelike trauma daarna, het sy aanvanklik gevoel dat sy 'n bietjie deur die kinders in 'n situasie in geboelie was waaroor sy aanvanklik nie 'n sê gehad het nie. Sy het vir so ses maande in haar nuwe omgewing 'n bietjie laag gelê, wat nie eintlik in haar aard was nie. Ek het dit bloot gesien as 'n sekuriteitsoord vir persone ouer as 50 waarvan die meeste nie meer werk nie, alhoewel ek steeds assisteer het in die teater wanneer ek benodig was.

Vandag is beide van ons baie dankbaar oor dié skuif wat ons kon gemaak het. Ons het baie aangename bure ontmoet en met die tyd het ons hulle beter leer ken en baie tuis gevoel. Waar my goed en my mense is, is my woning !

Die eerste persoon wat ons kom verwelkom het met 'n bossie blomme uit haar tuin, was ons buurvrou oor die straat, Stienie Smit. Net vinnig in en weer vinnig uit. Sy is nou agt en tagtig, maar 'n baie besige bytjie. Sy loop nie, sy is op 'n drafstap !

Langs Stienie woon Mac en Ria van der Merwe, wat ons ook goed leer ken het. Ria het 'n baie gewaardeerde vriendin van Johanna geword. Langs hulle woon Suzaan de Wet. Oom Johan is ongelukkig verlede jaar in Oktober 2018 oorlede.

Suster Esmé Claassen, aan die hoof van die gesondheidsdienste hier by Groenkloof Reebok, het ons kom besoek na ons ingetrek het en die moets en die moenies van die oord aan ons verduidelik en wou weet watter pille ons daagliks drink ! Ek het aan haar verduidelik dat ek Pierre de Wet is wat hier ingetrek het en dat sy my asseblief moet aanspreek op my voornaam, Pierre, wat ek verkies. ! Esmé is die matriarg hier in die oord en sien pligsgetrou om na die welstand van almal wat haar nodig het en stap (of ry met haar battery aangedrewe gholfkarretjie) letterlik die ekstra myl, vér buite haar pligbeskrywing. Sy het ook 'n groot vriendin van ons geword !

Skuins vóór ons het Kassie en Huipie Louw gewoon. Hulle is sout van die aarde en ons het groot vriende geword. Ons het baie aanklank gevind by hulle humoristiese uitkyk op die lewe ! Huipie is ongelukkig vroeg in Januarie 2019 oorlede en ook Kassie op 20 April 2019.

So twee huise van ons in ons straat het ons vir Harry en Sinthia Aucamp leer ken. Sinthia is die "hoofmeisie" hier in ons kompleks en vat alles raak en is baie betrokke by haar bure se doen en late ! Maar so stil-stil doen Harry ook sy ding. Ons is baie lief vir hulle en is geseënd om hulle as bure en vriende te hê !

Oorkant die straat agter ons woon Arie en Olga Klootwyk, oorspronklik van Knysna. Arie is 'n vakman duisend en kan alles regmaak en veral skêre en messe slyp. Olga is baie betrokke by die oord se brei klub wat allerhande goed vir liefdadigheid brei ! Langs hulle en ook oorkant ons woon Lillian Truter. Ek noem haar Lil ! Sy bak graag pannekoeke, wat sy met ons deel. Sy was elke week haar motor ! Ek dink sy is ook 'n soort van 'n petrolkop.

Noord-westelike aansig van ons huis

Noord-oostelike aansig

Suidelike aansig

Ons woon nou vier en 'n half jaar hier en is baie gelukkig. Ons woon so op die buitewyk van Reebok met 'n noordelike uitsig oor 'n melkplaas, wat dit vir ons baie landelik laat voel. Ons woon verseker nie in 'n stad of selfs 'n dorp nie, maar het tog al die voordele van 'n stad, tussen Mosselbaai en George met al die geriewe hier. George Mediclinic en Life Bayview hospitale met spesialis mediese dienste, asook die George Lughawe, wat almal binne bereik van nie meer as dertig kilometer is nie !

Omdat ons van hierdie omgewing was en toe reeds meer as tien jaar hier in die Grootbrakrivier omgewing gewoon het, het ons reeds ons eie sosiale network opgebou. Ons het nie noodwendig behoefte gehad om al die sosiale bedrywighede van die oord by te woon wat vir die inwoners gereël word nie. Ons het aanvaar dat daar behoefte is vir veral enkellopende dames om so sosiaal te verkeer, maar het tot nou toe verkies om ons eie ding met ons bure en sosiale kring buite die oord te doen.

Dit het so gebeur dat ons van die jonger inwoners is wat hier kom bly het. Ons was "the new young kids on the block" !

Ek en Johanna is egter baie bly dat ons toe reeds dié onvermydelike skuif gemaak het. Johanna was as verpleegster reeds baie lief vir ouer mense en geniet hulle geselskap baie.

By twee geleenthede wat ons in Groenkloof Reebok bly het Maude vir ons en van haar ander vriende hier in die Suid-Kaap kom kuier.

Weens die swak ekonomie was daar ’n insinking in die eiendomsmark en het ons maar gesukkel om ons huis in Outeniquastrand verkoop te kry. Ons kon eers in Julie 2017 ’n aanbod aanvaar, ironies ons buurman voor ons, aan wie ons twee jaar vantevore ons huis aangebied het, maar hy toe nog nie belanggestel het nie !

Francois het op daardie stadium vir Namport op Walvisbaai gewerk met die opgradering van Walvisbaai se behouerings aanleg. Francois en Andra het vir my en Johanna, asook Charl en Marié in 2017 genooi om vir hulle te kom kuier in Langstrand, tussen Swakopmund en Walvisbaai, waar hulle gebly het. Ek en Johanna het met Air Namibia vanaf Kaapstad na Walvisbaai soontoe en terug gevlieg. Charl en Marié het met sy Jeep gereis, want hulle en Francois het nog planne gehad om vêrder in die noorde van Namibië te toer. Ons het baie lekker vir twee weke by hulle gekuier. Ons het ’n baie interessante toer in die Namib woestyn naby Swakopmund meegemaak en Francois het ook vir my en Charl gaan wys waarmee hy besig was in Walvisbaai se hawe.

In die tweede helfte van Oktober het Diana Gilliland ’n heup operasie ondergaan en Johanna het aangebied om haar eers op die been te kry voor sy weer na Stilbaai kon terugkeer. Maude het ook kom kuier en ons het almal saam sommer op die Eiland gaan kuier.

Intussen het ons vorige buurman, Martin Keiser, vir Johanna gevra of sy sou belangstel om weer die tuin by die huis wat hulle van ons gekoop het en opgeknap het, sou restoureer. Hulle wou oorwegend fynbos plante en struike hê wat maklik op hulle eie kon oorleef. Omdat Maude, wat ook ’n groot kenner van landscaping en tuinuitleg is hier was, het hulle die uitdaging aanvaar. Hulle het baie hard gewerk. Soos Johanna is, het sy natuurlik die graaf of vurk uit die werker, wat na haar sin te stadig was, geneem en self aangegaan. Intussen het ek vir ek vir Diana geselskap gehou op die Eiland en maak toe vir twee agtereenvolgende aande potte, dat daar iets te ete is as die tuinspan huis toe kom ! Die tweede aand (op ’n Donderdag) kla Johanna van epigastriese pyn. Sy beweer dis net ’n wind soos in die ou dae, wat sy met Buscopan onder beheer sal kry. Na ’n ruk vertrou ek nie meer die vrede nie en neem haar na die

Mediclinic se nooddiens. Ek ken die dokter op diens en verduidelik die situasie aan hom. Hy ondersoek haar volledig en doen ’n EKG, wat volgens hom normaal is. Hy begin haar behandel met ’n binneaarse antispasmodikum, waarvoor sy verligting kry, maar doen egter ook eers die protokol bloed ondersoeke vir so ’n laer borskas pyn. Later kom sê hy vir my dat die troponien vlakke, (wat dui op miokardiale beskadiging), verhoog is en konsulteer die internis aan diens. Sy word toegelaat in die ICU vir waarneming. Die volgende oggend is die troponien vlakke nog hoër en sy word summier oorgeplaas na die kardiologie eenheid in Life Bayview hospitaal in Mosselbaai. Daardie Vrydagmiddag doen ’n kardioloog, ook ’n oudstudent van my, ’n angiogram op haar en moes twee stents in vernoude koronêre arteries inplaas. Alles in minder as 24 uur. Sy word die volgende Sondagmôre ontslaan met die nodige medikasie. Sy het nooit weer enige simptome van daardie aard ondervind nie en het daarna voortgegaan met haar normale aktiwiteite. Ons is die Here baie dankbaar vir dié genade !

Corné, ons oudste dogter Carlien, se man, het die geleentheid gekry om 'n baie lekker huis op die Eiland op Groot Brakrivier te bekom in Oktober 2015, drie maande na ons in ons nuwe tuiste ingetrek het. Dit was vir my baie ironies dat dit juis ’n nuwe huis op dieselfde perseel was waar ek vir my klasmaat, Niel de Klerk, op 31 Desember1967 gaan oplaai het om hom ’n geleentheid te gee na Karl Bremer Hospitaal, waar ons ‘n maand lank kraam inwoning in Januarie 1968 gedoen het. Die vorige huis het toe behoort aan sy pa, dr Guy de Klerk, ’n uroloog van Kaapstad en deeltydse hoof van die destydse Afdeling van Urologie in die Karl Bremer hospitaal. Niel is ongelukkig reeds vroeg op 49 jarige ouderdom oorlede. Die huis is later aan dr Guy de Klerk se ander kinders bemaak, wat dit herbou het toe baie jare later aan Corné en Carlien verkoop het. Ek is as ere “faktotum” aangestel en Johanna hou 'n oog oor die tuin. Dit is vir ons baie lekker om af en toe vir 'n paar dae daar te gaan kuier op 'n “eilandvakansie”, net ses kilometer van ons eie huis af !

Op die suidelike oewer van die Groot Brakrivier



Op die Eiland langs die Groot Brakrivier

Aan die einde van September 2018 het Johanna ’n rugoperasie ondergaan vir drukking op die 4e en 5e lumbale spinale senuwees met verwysde pyn in haar linker been. ’n Eerste operasie was nie suksesvol nie omdat ’n fusie tussen L4 en L5 nie gedoen is nie en daar steeds onstabiliteit tussen daardie werwels was na die operasie, wat haar steeds senuweewortel pyn laat ondervind het en ’n “drop foot” links begin ontwikkel het. Sy moes toe aan die einde van van November in Durbanville Mediclinic ’n tweede operasie ondergaan waartydens die L4 en L5 werwels herbelyn is en met pedikulêre skroewe en titanium stafies fikseer is en ook ’n fusie met beenweefsel van daardie werwels gedoen is. Na hierdie tweede operasie het sy nie meer senuweewortel pyn gehad nie, maar nog ’n brandpyn sensasie op die dorsum en sool van haar linkervoet. Vir ’n verdere 6 weke mag sy net gestaan of gelê het Sy het gereeld oefening gedoen soos deur ’n fisioterapeut voorgeskryf. Geleidelik het die brandpyn verdwyn. Na 10 weke het sy ook begin met rehabilitasie deur ’n biokinetikus met wateroefening en ’n verhitte swembad. Op die oomblik gaan dit baie goed met haar en het die “drop foot” baie verbeter. Sy kon geleidelik weer begin sit en kan nou weer van haar huishoudelike take begin doen !. Tans gaan dit baie goed en werk weer in haar tuin.

Ons woon in 'n klein plattelandse dorpie of "village" ! Die wiel het deur 360 ° gedraai. Net soos toe ek groot geword het in Pretoria naby die Brooklyn Sirkel met sy besighede van destyds, ken ons weer al die lokale besighede se eienaars en personeel, soos die apteker, die eienaar van die baie lekker Spar, asook slaghuise en restaurant eienaars, ens. En hulle ken ons ook en ons praat almal Afrikaans !

Ons woon nie meer lángs die see nie, maar woon nog bý die see. Wanneer ons met ons motor ry of langs kusweg in Reebok gaan stap, sien, hoor en ruik ons die see ! Beide Charl en Francois, asook van ons vriende, het gelukkig huise met pragtige see uitsigte oor Mosselbaai of die Eiland en die Groot Brakrivier mond en ons geniet dit saam met hulle wanneer ons daar kuier.

Ons het reeds teen die einde van 2004 na die Groot Brakrivier omgewing verhuis. Vier jaar later het Charl en sy vrou, Marié, ook in 1n 2008 in Klein Brakrivier kom bly. Charl het sy Ingenieurspraktyk na hierdie omgewing verskuif, alhoewel hy nog werk in Pretoria gedoen het. Francois en Andra het in April 2018 na Tergniet verhuis, nadat hy die laaste paar jaar kontrakwerk in die Kongo en later in Walvisbaai in Namibië gedoen het. Hulle het intussen vir hulle 'n huis gebou, met 'n mooi see uitsig oor Mosselbaai, in Terniet, wat net langs Reebok is, waar ons woon.

Sonder dat ons dit so beplan het, woon ons drie broers nou weer, sedert die vroeë sewentiger jare toe ons elkeen ons beroepe gaan beoefen het na universiteit en ons eie gesinne gevestig is, binne 'n sirkel met 'n deursnit van ses kilometer van mekaar en kuier ons weer gereeld lekker saam !

Ons drie broers saam met ons wederhelftes in Januarie 2019 in Charl en Marié se huis op Klein Brakrivier

Agter: Andra, Johanna en Marié
Voor: Francois(71), Pierre(72) en Charl (73)

Ons drie op Grabouw in 1948 sowat sewentig jaar vroeër !

Pierre (2) Francois (1) Charl (3)

Terug na Inhoudsopgawe